



28 Mei 2020

Ouers/Voogde

KEUSE: TERUGKEER SKOOL TOE OF AANLYNKLASSE

Huidiglik word alle grade d.m.v. aanlynklasse op die Google Classroom-kanaal hanteer. Elke graad het egter 'n ander infasseringsdatum om terug te keer skool toe. In die lig van die Covid-19 pandemie het skole die egter goedkeuring van die Departement van Onderwys ontvang om as tussentydse maatreël aan te gaan met aanlynklasse, vir ouers wat dié keuse wil uitoefen. Dit impliseer dat wanneer 'n graad, volgens Departementele riglyne, moet terugkeer skool toe, u as ouer egter 'n keuse kan uitoefen tussen aanlynklasse of terugkeer skool toe. Hierdie reëling rakende aanlynklasse sal nou tydens die grendeltyd geld, maar kan enige tyd verander word.

Ten einde sinvolle aanlynklasse te kan aanbied, sal daar tuis genoegsame internet-toegang, data, rekenaarstelsels, 'n werkskedule en alle tegnologiese pakette wat die leerder mag benodig, moet wees. Die leerder sal dan daagliks die werk via die *Google Classroom*-kanaal van die vak ontvang en self daardeur moet werk.

Hierdie opsie plaas groter druk op die personeel, aangesien werk effektief dubbel gedoen word (in die klas vir leerders wat terugkeer sowel as 'n aanlynles vir leerders wat tuisbly). Die skool wil egter elke leerder en personeellid se veiligheid eerste stel, en as daar minder leerders skool toe kom, maak dit die bestuur makliker.

Die Departement het egter voorwaardes aan hierdie tipe aanlynklasse gestel:

1. Ouers neem die verantwoordelikheid dat hul kinders akademies effektief sal werk en dieselfde tempo sal handhaaf as leerders wat terugkeer skool toe en klas ontvang.
2. Ouers wat dié keuse uitoefen, moet die skool betyds laat weet indien u dalk later die keuse wil terugverander, ten einde te kyk of die leerder wel weer in die huidige skoolrooster kan inpas. Die hoeveelheid leerders wat by die skool is, is bepalend vir die hoeveelheid klasse en personeel wat by die skool sal wees.
3. Ouers moet besef dat dit 'n tydelike maatreël is en enige tyd opgehef kan word.
4. Sommige assesserings sal ook sover moontlik op *Google Classroom* plaasvind. Dit beteken dat u as ouer/voog die verantwoordelikheid neem vir die assessering om onder gekontroleerde omstandighede plaas te vind, soos dit by die skool binne toets- of eksamensituasies sou plaasvind.

Daar sal egter op sekere dae geskeduleerde assesserings wees (bv. praktiese kook vir Gasvryheidstudies), waar leerders wat aanlyn onderrig ontvang, steeds sal moet inkom skool toe ten einde die assesserings te voltooi.

5. Die leerder bly steeds 'n ingeskrewe leerder van Die Hoërskool Wonderboom, wat beteken dat die ouer steeds al sy verpligtinge rakende die betaling van skoolfonds sal nakom.

Graag vra ons van u om op die skakel <http://www.wonnies.co.za/aanlyn/> te klik **INDIEN U DIE KEUSE UITOEFEN DAT U KIND VOORTGAAN MET AANLYNKLASSE** en dan die vorm op die aanlynplatform in te handig. Die datums van inhandiging is soos volg:

Graad 12: 29 Mei

Graad 8-11: 2 Junie

By voorbaat dankie aan al ons ouers vir hul voortdurende positiewe ondersteuning gedurende hierdie tyd.

Winnie-groete



M LEZAR

HOOF



T.M.C. GEER

ADJUNKHOOF